# BEdHons Leerondersteuning (09240046)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar | | |
| **Totale krediete** | 128 | | |
| **Kontak** | Prof MG Steyn | mg.steyn@up.ac.za | +27 (0)128423514 |
| | Mrs M Bruwer | u04335058@up.ac.za | +27 (0)124205542 |

## Programinligting

Die BEdHons in Leerondersteuning fokus op die Grondslagfase (Graad 1-3) en Intermediêre Fase (Graad 4 - 7) onderwysers.

## Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies kan 'n kandidaat toegelaat word indien hy/sy in besit is van een van die volgende kwalifikasies:

- 'n Baccalaureusgraad en 'n onderwysdiploma/Nagraadse Sertifikaat in Onderwys (bv. BA + HOD); of
- 'n Vierjarige onderwysgerigte graad (bv. BAEd); of
- 'n M+4 onderwysdiploma; of
- 'n M+3 onderwysdiploma en 'n Verdere Diploma in Onderwys (VDO) of Gevorderde Sertifikaat in Onderwys (GSO); of
- 'n Ander toepaslike akademiese kwalifikasie wat volgens die oordeel van die Dekaan toelating tot 'n bepaalde pakket regverdig. In hierdie geval sal die kwalifikasie nie vir onderwysdoeleindes erken word nie.

## Addisionele vereistes

Die keuring is gebaseer op:

- voldoening aan die minimum toelatingsvereistes;
- vorige akademiese prestasies;
- toepaslike akademiese en/of onderwyservaring;
- beskikbaarheid van leiding vir die voorgeskrewe navorsingsprojek;
- bewese akademiese potensiaal, wat akademiese kommunikasie en rekenaarvaardighede insluit;
- 'n onderhoud kan ook addisioneel vereis word;
- die registrasie by professionele rade;
- finale diskresie lê by die departementshoof.

## Eksamens en slaagvereistes

Behoudens uitsonderings wat die Dekaan op aanbeveling van die Departementshoof goedkeur, kan 'n student hom of haar nie meer as twee maal vir die honneurseksamen in dieselfde module aanmeld nie.

'n Finalejaarstudent wat 'n maksimum van drie semestermodules of die ekwivalent daarvan gedruip het en 'n finale punt van minstens 40% in elkeen behaal het, kan deur die Dekaan toegelaat word om gedurende Januarie van die daaropvolgende jaar 'n spesiale eksamen in sodanige module(s) af te lê, mits die student daardeur aan alle vereistes vir die graad kan voldoen.

## Navorsing

'n Navorsingsprojek is verpligtend en moet volgens die voorskrifte van die betrokke departement voorberei en ingedien word vir eksaminering.

## Slaag met lof

Die graad word met lof verwerf indien die student 'n algehele gemiddelde van 75% behaal het, met 'n minimum van 70% in elke module.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 128**

## Fundamentele modules

### Deel 1: Navorsingsvoorstel 755 (NMQ 755)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Opvoedkunde Dekaanskantoor |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Begeleide literatuurstudie, formulering van ? konseptuele raamwerk en ontwikkeling van ’n navorsingsvoorstel vir ? begeleide navorsingsprojek van beperkte omvang.

### Deel 2: Navorsingsverslag 780 (LSG 780)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Voorvereistes** | NMQ 755 geslaag. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Vroeë Kinderonderwys |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Begeleide navorsingsprojek van beperkte omvang. Die toepassing van kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsmetodes. Die skryf van ‘n navorsingsverslag en die aanbied daarvan in groepsverband.

## Kernmodules

### Identifisering en assessering van leerders se behoeftes 720 (ILN 720)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Vroeë Kinderonderwys |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die NSS dokument; kurrikulummodifikasie; alternatiewe assesseringprosedures; multivlak- onderrig; die ontwerp van ’n multivlakles; assessering vir skoolgereedheid en grondslagfase.

### Leerondersteuning 710 (LSG 710)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |

| | |
|---|---|
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Vroeë Kinderonderwys |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die neurologiese interpretasie en prosessering van die leesproses in die brein; die impak van persepsie (motories, visueel en ouditief) op die geïntegreerde leerproses; leeronder-steuningstrategieë (klank en woorderkenning); leesgewoontes; uitbreiding van die oogspan en leesspoed; leesmotivering; ‘n praktiese leersondersteuningsmodel wat op assessering so wel as ondersteuning vir individue fokus.

## Opvoedkundige navorsingsmetodolgie 745 (NMQ 745)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Opvoedkunde Dekaanskantoor |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Die aard van onderwyskundige navorsing: navorsingskonteks, wetenskap, navorsings-etiek, waarheid, rasionaliteit, subjektiwiteit en objektiwiteit. Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbenaderings, navorsingsontwerpe en data-insamelingstegnieke. Verskeidenheid benaderings in kwalitatiewe navorsing, insluitend: gevallestudies, historiese navorsing, etnografiese en aksienavorsing. Basiese konsepte en beginsels van kwantitatiewe navorsing. Statistiese tegnieke in die onderwysnavorsingsproses. Opnamemetodologie en vraelysontwerp. Klassifikasie en grafiese voorstelling van data. Beskrywende metings. Statistiese inferensie. Dataverwerkingsprosedures. Parametriese versus nieparametriese toetse. Enkele toetsstatistiek (bv. F-toetse, en T–toetse).

## Kurrikulumontwikkeling 710 (CDD 710)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Wet, Wisk en Tegnologie-ond |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Beginsels en benaderings van kurrikulum-/programontwerp en -ontwikkeling. Internasionale en nasionale modelle en ontwikkelinge op hierdie terrein. Beginsels van uitkomsgebaseerde programontwerp binne die SAQA-konteks. Kurrikulumontwikkelingsmodelle en instrumente in aksie. Situasie-taakanalise en behoeftebepaling. Ontwikkeling. Disseminasie. Implementering as veranderingsproses. Assessering en evaluering.

## Filosofie en sosiale imperatiewe in opvoedkunde 711 (EDS 711)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Akademiese organisasie** | Opvoedkundige Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Metateorieë in die opvoedkunde. Empirisme. Rasionele empirisme, kritiese rasionalisme, kritiese teorie. Fenomenologie. Hermeneutika. Sisteemteorie. Filosofieë in opvoedkunde. Tradisionele filosofieë, inheemse (Afrika) filosofieë. Die invloed van modernisme en postmodernisme op die onderwys. Sosiologiese imperatiewe vir opvoeding. Teorieë van gemeenskapsverandering en rolle en waardes van opvoeding. Vergelykende perspektiewe op leerteorieë en die betekenis daarvan vir opvoeding.

## Vroeë intervensie van gesyferdheid en geletterdheid 730 (JGS 730)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Vroeë Kinderonderwys |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Hierdie module sal studente met teoretiese kennis en praktiese vaardighede toerus om gesyferdheid en geletterdheid in Vroeë Kinderontwikkeling en Grondslagfase baas te raak. Dit is ondersoekend van aard en veronderstel ? kritiese ingesteldheid op sake wat globaal en nasionaal gedebatteer word rakende die fasilitering van geletterdheid in Grondslagfase klaskamers. Studente sal in staat wees om leerders by te staan in die bemeestering van konsepte rakende wiskunde en geletterdheid asook relevante vaardighede en prosesse in Vroeë Kinderontwikkeling en Grondslagfase.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.